Junie 2026

Beste MidCric ouers

**Neem asseblief kennis van die volgende:**

**Oefeninge:**

Die oefeninge word deur CBC-krieket onder leiding van Nico Martin behartig. Gedurende hierdie sessies word die spelers in spanverband afgerig, maar daar word ook op individuele vaardighede soos veldwerk, kolfwerk en boulwerk gekonsentreer. Dit is dus baie belangrik dat hierdie oefeninge getrou bygewoon word, aangesien 'n span nie kan oefen as al die spelers nie teenwoordig is nie.

**Die eerste oefening vir Gr. RR, Gr.R- en Gr. 1-spelers begin Woensdag 22 Julie 2026 (Kwartaal 3)**

**Afrigters:**

Die afrigters van CBC is ten volle in beheer van al die oefeninge en wedstryde. Hulle is ook verantwoordelik vir die dissipline op die veld tydens oefeninge en wedstryde.

**Verpligtende WhatsAppgroepe en registrasieskakel:**

Sluit asb. by die onderstaande WhatsApp groep aan, om kommunikasie te ontvang rakende u seun se span.
Elke ouer moet asseblief die registrasievorm voor Vrydag, 12 Junie 2026 voltooi.

- Registrasieskakel (Elke speler)
- Gr RR en Gr R-WhatsAppskakel
- Gr 1- Geen WhatsAppskakel nie.
  (Kommunikasie sal deur EdAdmin geskied)

Druk op die skakel

**Proewe:**

Daar is geen proewe vir Gr. RR, Gr. R- en Gr. 1-spanne nie. Al die seuns word in spanne geakkommodeer.

**Korrespondensie:**



Weeklikse kommunikasie sal via WhatsApp (Gr RR en Gr R) en EdAdmin (Gr 1) plaasvind sodra die seisoen begin. Indien 'n speler nie 'n oefensessie of wedstryd kan bywoon nie, stel asseblief vir Mnr. J. Kruger (MCP-MidCric@lmcp.co.za) so gou moontlik in kennis.

**Toerusting:**

- Elke Gr 1-speler moet sy eie abdo-beskerming (boks) aankoop.
- Alle ander kriekettoerusting word deur die skool voorsien.
- Maak asseblief seker dat alle items duidelik gemerk is met die speler se volle naam en van, asook die selfoonnommer van die ouer(s).

**Kleredrag:**

- **Gr. RR en Gr R-spelers** kan met gewone klere oefen, maar vir wedstryde dra hul dieselfde kleredrag as die Gr. 1spelers.
- **Gr. 1-spelers**
  - Kleredrag vir oefeninge en wedstryde is die volgende:
    - LO-drag (wit hemp en maroen kortbroek)
    - Skoolhoed
    - Wit tekkies met maroen en wit lang kouse
    - Skoolsweetpak

| **LO-drag**<br>**Wit hemp**<br>**Maroen kortbroek**<br>**Maroen en wit lang kouse**<br>**Wit tekkies** | **Koue weer**<br>**LO-drag**<br>**Skoolsweetpak**<br>**Wit tekkies** | **Amptelike skoolhoed** |
|---|---|---|
|  |  |  |

**MidCric en Mini-hokkie:**

Spelers kan beide sportsoorte beoefen, aangesien die oefendae en wedstryddae verskil.

MidCric groete

Jaco Krüger
MidCric Organiseerder
MCP-MidCric@lmcp.co.za